Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

SEPTEMBER 2019

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: WATSE IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYN-FILOSOFIE OP DIE STUDENTE VAN SOWETO, IN DIE 1970's, GEHAD?

BRON 1A

Die onderstaande uittreksel fokus op die stigting van SASO (1969) en die "Black People's Convention" (1972) as voorlopers vir die Swartbewussynsbeweging.

In die laat 1960's het die Swartbewussynsfilosofie begin om steun te kry. Swartbewussyn beklemtoon sielkundige (emosionele) redes as die hoofversperring vir swart emansipasie (vryheid) en 'n generasie wat slegs die vernedering (verleentheid) van 'grand apartheid' geken het, en daar is besluit dat die tyd gekom het om die "status quo" (huidige situasie) uit te daag. Die hoof komunikasi medium vir die Swartbewussynsbeweging was die "Suid-Afrikaanse Studente Organisasie (SASO) wat in Julie 1969 aan die Universiteit van die Noorde (Limpopo) bekendgestel is. SASO is gevorm nadat swart-studente besluit het om van die veelrassige, maar blanke dominerende, Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) weg te breek.

Nadat die PAC en die ANC verban is, het SASO begin om die politieke vakuum (ruimte) wat in swart-gemeenskappe agtergelaat is te vul. Die organisasie het 'n nuwe taal van politieke radikalisme (militantheid), wat deur die Amerikaanse Swartmagbeweging beïnvloed is, gepraat. SASO het die passiewe aanvaarding van blanke superioriteit en oorheersing verwerp en 'n nuwe swart selfvertroue en selfgelding (om sterk te wees) bepleit. In 1972 het SASO saam met leiers van ander Afrika-opvoedkundige en godsdientige liggame saamgekom om die "Black People's Convention" (BPC) te vorm, 'n politieke vleuel van die Swartbewussynsbeweging wat daarop gemik was om Suid-Afrikaners om die Swartbewussyns-ideologie te mobiliseer. Die BPC het geskryf dat hulle Suid-Afrikaanse swartmense in 'n swart politieke beweging wou verenig, wat hulle vryheid van beide sielkundige en fisiese onderdrukking sou bewerkstellig.

. . . Hoërskole was ontvanklik (oop) vir die Swartbewussyn-ideologie. Skoolstudente, met energie en onafhanklikheid, en oorlopens toe vol selfvertroue, was deur die Swartbewussynsfilosofie geïnspireer, en het die politieke vakuum wat deur die verbiede (verbode) Kongresbewegings agtergelaat is, gevul . . .

[Uit: *Soweto: A History* deur Philip Bonner en Lauren Segal]

BRON 1B

Die onderstaande spotprent illustreer die vorming van Suid-Afrikaanse Studente Organisasie (SASO) in 1969.



[Uit: *Biko: The Quest for a True Humanity*, 2007, Pretoria]

BRON 1C

Die uittreksel hieronder beskryf die impak wat die Swartbewussynsfilosofie op die Soweto jeug in 1976 gehad het.

Sibongile Mkhabela, 'n leier van die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) by Naledi High, onthou dat 'daar ernstige mobilisering in die skole wasôen dat dit hoofsaaklik deur SASM gedoen is. SASM-lede het gesê dat hierdie situasie nie toegelaat kon word om voort te gaan nie. Hierdie was die opbou tot die vergadering van 13 Junie.

Byna 400 studente het die vergadering, op Sondag 13 Junie, in Orlando bygewoon. Dit was daar dat Tsietsi Mashinini, die 19-jarige leier van die SASM-tak by Morris Isaacson-skool, die volgende Woensdag 'n massa demonstrasie teen Afrikaans voorgestel het. Mashinini was 'n uiters magtige spreker en sy voorstel is met die ondersteuning van óń gejuig begroet. 'n Aksiekomitee is onder leiding van Mashinini en Seth Mazibuko, 'n ander charismatiese (sjarmante) graad 9-student, wat die eerste klasboikot op die Orlando-Wes Junior Sekondêre Skool gelei het, gestig. "Ons het gedink dat as ons daardie klaskamers verlaat en as 'n groot groep kom om die wêreld te wys dat dit moeilik in die klaskamers was," onthou Seth Mazibuko.

Op die koue en mistige oggend van Woensdag 16 Junie het groepe opgewonde studente by verskillende punte in die Township vergader. . . Duisende studente van die hele Township heen, het by Orlando-wes saamgekom. Teen 10:30 het meer as 5 000 studente op Vilakazistraat vergader en nog het by die minuut opgedaag.

[Uit: *Soweto, A History* deur P Bonner en L Segal]

BRON 1D

Die uittreksel hieronder beskryf die impak wat die Swartbewussynsfilosofie op die Soweto-opstande van 1976 gehad het.

Op daardie dag, het twee studente, Hastings Ndlovu en Hector Pieterson, gesterf as gevolg van die polisie se skietry; nog honderde het beserings opgedoen met die daaropvolgende chaos wat Soweto verswelg het. Die skietery in Soweto het ón massiewe opstand tot volg gehad wat na meer as 100 stedelike en landelike gebiede dwarsoor Suid-Afrika versprei het.

Die onmiddelike oorsaak van die 16 Junie 1976-optog was omdat studente teen die besluit was dat die Bantoe-onderwysdepartement Afrikaans as onderrigtaal in die helfte van die vakke in hoer-primêre en hoërskool opgelê het. Aangesien die regerende Nasionale Party Afrikaans gepraat het, het swart studente dit as die ótaal van die onderdrukkerô beskou. Daarbenewens kon swart onderwysers en leerders nie vlot Afrikaans praat nie, en het hulle die negatiewe impak van die nuwe beleid in die klaskamer eerstehands beleef.

Die Soweto-opstand het ná ón dekade van relatiewe kalmte in die weerstandsbeweging, gekom, in die nasleep van die massiewe regeringsonderdrukking in die 1960ôs. Tog is daar gedurende hierdie ústil dekadeôón nuwe gevoel van weerstand aan die broei. In 1969, het swart-studente, onder leiding van Steve Biko (onder andere), die Suid-Afrikaanse Studente Organisasie (SASO) gevorm. met swart trots, self onderhouding en fisiologiese liberalisme het die Swartbewussynsbeweging het in die 1970ôs ón invloedryke mag in die townships gehad, insluitende Soweto. Die politieke konteks van die 1976-opstand moet ook die gevolge van die werkersstaking in Durban in 1973; die bevryding van die naburige Angola en Mosambiek in 1975; en die toename in student-inskrywings in swartskole, wat tot die opkoms van ón nuwe kollektiewe jeug-identiteit, wat deur gesamentlike ervarings en griewe gemaak is, in ag neem.

[Uit: http://overcomingapartheid.msu.edu/sidebar.php?id=65-258-3. Toegang verkry op 16 November 2018]

VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?

BRON 2A

Die onderstaande bron fokus op die vorming van die Waarheids- en Versoenings-kommissie (WVK) in 1995.

ón Sleutelfiguur in die formulering van die wet wat die kommissie ingestel het, was toé Minister van Justisie, Dullah Omar. Daar was baie openbare angs en bekommernis oor die vooruitsig van ón anti-Afrikaner-heksejag. Hy het hierdie vrese besweer.

Ek wil beklemtoon dat nie die doel is om 'n heksejag uit te voer of om oortreders van menseregte voor die hof te daag om aanklagte in die gesig te staar nie. Dit is . . . om Suid-Afrikaners instaat te stel om met hul verlede, op 'n moreel aanvaarbare basis, vrede te maak (te aanvaar) en om versoening te bevorder.

Die eise van mishandeling teen die ANC sal ook nie óorgesien word of onder die mat ingevee word nieô

Omar het voortdurend die behoefte om 'n forum vir die slagoffers te bied om die waarheid te praat soos hulle dit ervaar het, en vir die oortreders om die waarheid bekend te maak soos hulle dit geken het, beklemtoon.

Die WVK het vroeg in 1996 ontstaan, onder die gesamentlike leierskap van Aartsbiskop Tutu en voormalige geestelike en liberale politikus Alex Boraine. Ander kommissarisse het die rasse- en politieke spektrum uitgebrei.

Hul taak was om menseregteskendings van alle kante tussen 1960 en 1994 te ondersoek; om getuienisse van slagoffers en oortreders aan te hoor, en waar die volle openbaarmaking en politieke motivering duidelik teenwoordig was, daders amnestie teen vervolging of burgeraksie te gee. Die doel was om die waarheid aan te moedig.

[Uit *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* deur Ministry of Education, 2004.]

BRON 2B

Dié strokiesprent, deur Zapiro, wys dat Desmond Tutu die finale verslag van die WVK in 1998 aan president Mbeki voorlê. Aan die regterkant van die spotprent word de Klerk met die beamptes van die apartheids-veiligheidsmagte gesien, wat sekere bewyse versnipper (vernietig).

[Uit: *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur F du Toit, et al]

Desmond Tutu

F W de Klerk

BRON 2C

Die onderstaande uittreksel fokus op die evaluering van die werk van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1998.

Een van die grootste beperkings om die waardigheid van slagoffers te herstel ï en wat grotendeels buite die kommissie se beheer was ï was die politieke spanning wat gedurende sy bedrywighede geheers (bestaan) het. Dit was te danke aan die onwilligheid van die Nasionale Party en sommige uiterste regse groepe om die WVK se ondersoek-aspekte van die verlede te sien as iets wat hul geloofwaardigheid kan skaad (skade aandoen). Hierdie partye het die WVK daarvan beskuldig dat hulle ón óheksejagôeerder as ón ware versoeningsinstrument vir nasionale versoening was, en het die werk van die Kommissie omvergewerp, wat gereelde regsaksies teen die WVK tot gevolg gehad het.

Die kommissie se grootste politieke fout was die neiging om vir hierdie politieke groepe in te gee om hulle sodoende aan die proses verbind te hou, . . . dié polities brose (delikate) taak van die WVK het sy verhoudings met die slagoffers, wat regverdig gefrustreed was deur die gebrek aan behoorlike geregtigheid wat die posisie impliseer het, versleg. Vir herstellende geregtigheid om suksesvol te wees, moet slagoffers die oortreders sien berou (spyt) toon. Berou was nie deur die politieke party, wat die land onder apartheid (Nasionale Party) regeer het, getoon nie, wat ón groot slag in die proses was.

[Uit *The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice* deur T Maepa, 2005]

BRON 2D

Die bron hieronder is ón onderhoud wat Lerato Mbele met FW de Klerk en Cyril Ramaphosa, op *Interface* – SABC 3, op 30 April 2006 gevoer het. Dit fokus op die proses van die WVK.

FW DE KLERK: Die WVK-proses was in baie opsigte gebrekkig: talle gruweldade (moorde) van die verlede is nie behoorlik ondersoek nie; daar was 'n oorbeklemtoning op die rol van die voormalige veiligheidsmagte; die moord op ongeveer 400 top IVP-leiers is nie deeglik ondersoek nie; daar is nie 'n diepgaande ontleding van, wat baie 'swart-op-swart' geweld sou noem, gedoen nie. Hierdie foute skep 'n wanbalans wat die geloofwaardigheid van die WVK geskaad het. Verder dink ek dat die WVK nie die kern van die verlede verstaan het of begryp het nie. Daar is onvoltooide sake, maar ons moet nou die gees van die Grondwet uitleef. Ons moet nou ubuntu hêé in plaas van wraakneem. Ons moet herstel in plaas van vergeld. Sou vervolgings voortgaan, moet hulle konsekwent wees: daar moet vervolging van ongeopenbaarde misdade van alle kante wees, nie net van een kant af nie. Ek was nog nooit ten gusnte van ón dekmantel amnestie nie, maar dit sal ón groot negatiewe uitwerking hê as ons nou ón situasie kry wat as ón heksejag geïnterpreteer kan word. Ons moet ón balans vind. Vervolging in uitsonderlike gevalle kan geregverdig word indien dit duidelik is dat mense die waarheid van ernstige misdade weggesteek het, waarvoor hul om amnestie aansoek moes doen.

CYRIL RAMAPHOSA: FW de Klerk gebruik emosionele (sensitiewe) woorde wanneer hy van ón óheksejagôpraat. Die term óheksejagôwas nog nooit deel van die leksikon (woordeboek) van die nuwe Suid-Afrika nie. Nelson Mandela het seker gemaak dat daar nie ón dekmantel heksejag proses in hierdie land, wat hy tot eenheid en versoening gelei het, sal wees nie. Ons is nie aan heksejagte gewoond nie; ons is egter as opkomende demokratiese land aan geregtigheid gewoond. As misdade in die verlede, deur wie ookal, gepleeg is, en daar is nie vir amnestie aansoek gedoen terwyl die geleentheid daar was nie, moet geregtigheid seëvier.

[Uit *Truth and Reconciliation in South Africa 10 years on* deur C Villa-Vicencio & F du Toit]

VRAAG 3: HOE AFFEKTEER GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE NEGATIEF?

BRON 3A

Die bron hieronder fokus op die invloed van globalisering op wêreldhandel.

Ons kommunikeer en deel mekaar se kultuur deur handel en reis, deur produkte binne ure of dae oor die wêreld te vervoer. Ons is in ón groot wêreldwye ekonomie, waar iets wat in een gebied gebeur, die wêreld kan beïnvloed. Hierdie proses word globalisering genoem.

Globalisering het die wêreld in toenemende mate, as gevolg van die groot toename in handel en kulturele uitruil, met mekaar verbind. Globalisering het die produksie van goedere en dienste verhoog. Die grootste maatskappye is nie meer nasionale firmas nie, maar multinasionale korporasies met filiale (takke) in baie lande. Globalisering het al vir honderde jare plaasgevind, maar het die afgelope halfeeu baie toegeneem.

Globalisering het tot toenemende internasionale handel, in maatskappye wat in meer as een land werk gelei, met groter afhanklikheid van die globale ekonomie, vrye beweging van kapitaal, goedere en dienste. Voorbeelde van multinasionale korporasies is MacDonald's, Starbucks en Nike.

Alhoewel globalisering waarskynlik help om meer rykdom in ontwikkelende lande te skep, help dit nie om die gaping tussen die armste en die wêreld se rykste lande kleiner te maak nie.

[Uit: http://.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation. Toegang verkry op 17 Oktober 2018]

BRON 3B

Die onderstaande bron is deur 'n lid van die Anti-Globaliseringsbeweging geskryf. Dit fokus op die rol wat die Wêreldhandelsorganisasie (WHO), met betrekking tot globalisering, gespeel het.

Met die herhalende sang van 'Hey, hey, ho, ho, the WTO has to go!' en ôThe people united, weôll never be divided!ô het die Weerstandsfees begin . . . gevolg deur die lewendige samevoeging van tromslaners en fluitspelers wat met die ritme afskop.

'n Inspirerende, passievolle werkersklaskoalisie van die mees onwaarskynlike individue was besig om in die strate van Seattle te vergader om hul sterk ontevredenheid teenoor 'n gemeenskaplike vyand te lig; die vernietigende korporatiewe regulering van die Wêreldhandelsorganisasie . . . die WHO.

Die betogers het bestaan uit onder andere, vakbondstaalwerkers en hul gesinne, omgewingsbewustes, ou hippies, kollegestudente, oumas, migant/trek werkers van Mexiko, Tibetaanse monnike, werkers van die ôPacific Rim sweatshopsô(fabriekswerkers wat lae lone verdien het, en wat lang ure onder swak werksomstandighede gewerk het). Diereregte-aktiviste het as seeskilpaaie aangetrek, en daar was ook ón paar wilde, mal nonne. Wat 'n fees!

Hierdie pragtige mengelmoes van mense was ook baie goed opgevoed en ingelig oor die kwessies rakende die aktiwiteite van die WHO. Hulle het hul huiswerk gedoen. Vir die afgelope vier dae wat ek in Seattle was, en verskeie weke voor dit, is verskeie werkswinkels en seminare oor 'n verskeidenheid nasionale en internasionale kwessies by die plaaslike gemeenskapsale en kerke gehou.

Kwessies wat bespreek is, het gewissel van die produksie van geneties-gemanipuleerde kosse; die ósweatshopsô in Indonesië, Pakistan, Mexiko en die Filippyne; die duidelike uittroeling (afkapping) van woude; dierebeskermingswette; beeshormone; vergiftigde lug, water en grond; die verlies van Amerikaanse werkers se werk aan oorsese markte (ek sal slawearbeid goedkoper noem); . . . Die primêre agenda van die WTO het basies bestaan uit die verkragting van die planeet en die uitbuiting van die werkers deur 'n paar multinasionale maatskappye se uitvoerende hoofde en groot aandeelhouers, in die naam van blatante gierigheid en mag, behels. Dan wonder hulle hoekom so baie mense in die straat opgedaag het om hulle teen te staan?

[Uit: http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/. Toegang verkry op 20 September 2013]

BRON 3C

Die spotprent hieronder lig sommige van die kritiek op globalisering uit.



[Uit: http://www.hermes-press.com/wto2.jpg. Toegang verkry op 17 Oktober 2018]

BRON 3D

Die uittreksel hieronder beklemtoon die impak wat multinasionale maatskappye op die lewens van gewone mense in ontwikkelende lande gehad het.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog is meer en meer globale produksie, deur groot maatskappye wat oor grense heen werk, uitgevoer. Multinasionale maatskappye het wêreldwyd toegeneem deur hul vervaardigingsaanlegte in die buiteland te vestig, sodat hulle op goedkoper arbeidskoste kan kapitaliseer of om nader aan hul markte te wees. Maatskappye het magtiger as baie nasionale state geword.

Alhoewel hulle broodnodige buitelandse beleggings na ontwikkelende lande gebring het, het hierdie maatskappye dikwels winste voor die regte van werkers, of die lande waarin hulle geleë is, gestel. Supermarkte in ontwikkelde lande het wêreldwye kettingwinkels geskep en goedkoop produkte van regoor die wêreld verseker. Maar die mense wat die produk verbou het, is op die pryse wat hulle van die multinasionale maatskappye kry afhanklik, wat in die meeste gevalle in die laaste paar dekades aansienlik gedaal het. Dit erodeer hul vermoë om 'n basiese lewenstandaard aan hul gesinne te verskaf.

Die probleem is nie dat internasionale handel eintlik teen die behoeftes en belange van die armes is nie, maar dat die reëls wat handeldryf reguleer, ten gunste van die ryk lande vasgestel is. Vir arm mense om voordeel uit wêreldwye handel te trek, moet die reëls hervorm word sodat hulle armes, op nasionale en internasionale markte, regverdige toegang bied.

[Uit: http://www.youth deved.ie/issues/globalisation_and_trade. Toegang verkry op17 Oktober 2018.]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Biko S. 2007. *The Quest for a True Humanity* (Christian Institute, Pretoria)

Bonner P et al. *Soweto: A History* (Maskew Miller Longman, Cape Town)

du Toit F et al. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (Lynne Renner, Pretoria)

Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa commissioned by the Ministry of Education, 2004

http://www.hermes=pre.com/wto2.jpg

http://www.youth deved.ie/issues/globalisation_and_trade

http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/.

http://overcomingapartheid.msu.edu/sidebar.php?id=65-258-3.

http://.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation

Maepa T. 2005. *The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice* (Lynne Rienner, Pretoria)

Reader's Digest illustrated History of South Africa, The Real Story (Readers Digest Association)

Villa ï Vicencio C et al. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 years* on

Kopiereg voorbehou